



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**BESIGHEIDSTUDIES**

**FEBRUARIE/MAART 2015**

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die hoofonderwerpe.  
 AFDELING A: VERPLIGTEND  
 AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae.  
 Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae in hierdie afdeling.  
 AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.  
 Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.
2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. Geen punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is nie.
4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.
5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydtoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD
<b>A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND</b>	<b>1</b>	<b>40</b>	<b>30 minute</b>
<b>B: VYF direkte/indirekte tipe vrae KEUSE (Beantwoord enige DRIE.)</b>	<b>2</b>	<b>60</b>	<b>30 minute</b>
	<b>3</b>	<b>60</b>	<b>30 minute</b>
	<b>4</b>	<b>60</b>	<b>30 minute</b>
	<b>5</b>	<b>60</b>	<b>30 minute</b>
	<b>6</b>	<b>60</b>	<b>30 minute</b>
<b>C: VIER opsteltipe vrae KEUSE (Beantwoord enige TWEE.)</b>	<b>7</b>	<b>40</b>	<b>30 minute</b>
	<b>8</b>	<b>40</b>	<b>30 minute</b>
	<b>9</b>	<b>40</b>	<b>30 minute</b>
	<b>10</b>	<b>40</b>	<b>30 minute</b>
<b>TOTAAL</b>		<b>300</b>	<b>180 minute</b>

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.
8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 B.
- 1.1.1 Volgens hierdie leierskapsteorie word werknemers aangemoedig om hard te werk omdat hulle beloning sal ontvang:
- A Situasionele
  - B Charismatiese
  - C Transaksionele
  - D Demokratiese
- 1.1.2 Die sukses van 'n besigheid word hoofsaaklik toegeskryf aan ...
- A winsgewendheid.
  - B maatskaplike projekte.
  - C BBSEB-tellings.
  - D insolvensie.
- 1.1.3 Hierdie Wet maak voorsiening vir die funksionering van die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA):
- A Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003)
  - B Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)
  - C Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995)
  - D Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005)
- 1.1.4 'n Regeringsagentskap wat gehaltstandaarde vir produkte ontwikkel wat in Suid-Afrika vervaardig word:
- A SABC
  - B SABS
  - C SARB
  - D SAKO ('SAQA')
- 1.1.5 Werkgewers word wetlik verplig om 'n vaardigheidsheffing te betaal as hul totale jaarlikse salarisuitgawes meer as ... beloop.
- A R1 miljoen
  - B R5 miljoen
  - C R250 000
  - D R500 000

- 1.1.6 Verbruikers voltooi vraelyste nadat hulle IBI Beverage se nuwe vrugtesap geproe het. Dit word ... terugvoering genoem.
- A implisiete
  - B geskrewe
  - C mondelinge
  - D verbale
- 1.1.7 Watter stelling is WAAR ten opsigte van kreatiwiteit?
- A Slegs intelligente mense is kreatief.
  - B Kennis ondersteun nie kreatiwiteit nie.
  - C Kreatiwiteit is 'n aangebore talent wat ook deur leer bekom kan word.
  - D Slegs kunssinnige mense is kreatief.
- 1.1.8 'n Probleemoplossingstegniek waar 'n span kundiges vraelyste gegee word om hul opinies te kry sonder om hulle byeen te bring:
- A Kragveld
  - B Dinkskrum
  - C Leë-stoel
  - D Delphi
- 1.1.9 Watter EEN van die volgende is 'n voordeel van korporatiewe maatskaplike/sosiale verantwoordelikheid vir 'n onderneming?
- A Verhoog finansiële risiko's
  - B Goeie publisiteit om reputasie te verbeter
  - C Gedetailleerde verslae moet opgestel word
  - D Projekte moet voortdurend gemonitor word
- 1.1.10 Werknemers het die reg om aan 'n vakbond te behoort. Dit staan as 'n werknemer se reg tot ... bekend.
- A vryheid van assosiasie
  - B regverdige behandeling
  - C gelyke betaling
  - D waardige behandeling
- (10 x 2) (20)

1.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 'n Maksimum van (tien/vyftig) lede kan 'n beslote korporasie stig.

1.2.2 (Bruto/Netto) vergoeding is 'n bedrag wat 'n werknemer na aftrekkings ontvang.

1.2.3 Die Departement van Arbeid het die Nasionale (Vaardigheidsontwikkelingstrategie/Groeistrategie) ingestel om die kwaliteit van onderwys en opleiding te verbeter.

1.2.4 (Aandeel/Obligasie)-houers is krediteure van 'n maatskappy.

1.2.5 Die (Belbin/Jung)-spanteorie is gebaseer op die idee dat mense met 'n voorkeur vir sekere houdings en funksies gebore word.

(5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 J.

KOLOM A	KOLOM B
1.3.1 Aftreeannuïteit	A besluite gewoonlik deur topvlak-bestuurders geneem
1.3.2 Bybetaling	B gewoonlik deur keuse gevolg
1.3.3 Bestuurders	C bedrag geld wat deur die versekerde betaal word wanneer die eis ingedien word
1.3.4 Strategiese besluite	D voorsien finansiële sekuriteit vir die belegger wanneer hy sy aftree-ouderdom bereik
1.3.5 Menslikehulpbronafdeling	E verantwoordelik vir die bemaking van besigheidsprodukte/-dienste
	F besluite gewoonlik deur middelvlak-bestuurders geneem
	G verantwoordelik vir die werwing van personeel
	H oefen gesag uit om dinge in 'n onderneming op grond van hul posisie gedoen te kry

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B**

Beantwoord ENIGE DRIE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

**VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWING**

2.1 Identifiseer die PESTWO-elemente wat in elke scenario hieronder geïllustreer is:

2.1.1 Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het besluit om die repokoers onveranderd te laat

2.1.2 Die regering het die regstellende-aksie-beleid ingestel om die ongelykhede van die verlede te oorbrug

2.1.3 Regeringsaansporings wat aan maatskappye gegee word om natuurbewaringsprogramme te borg

2.1.4 Ondernemings bevorder aanlynhandel om papierwerk te verminder

2.1.5 Die instelling van die Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008) skakel uitbuiting van verbruikers deur ondernemings uit

(10)

2.2 Voltooi die tabel oor ekonomiese sektore hieronder. Skryf slegs die korrekte woord(e) langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

SEKTOR	BESKRYWING	NYWERHEID/ BEDRYF	VOORBEELD VAN 'N ONDERNEMING
2.2.1 (1)	Ontgin grond- stowwe uit die natuur	Bosbou	2.2.2 (2)
Sekondêre	2.2.3 (2)	2.2.4 (1)	ABC Meubel- vervaardigers
2.2.5 (1)	Lewer 'n diens	Gasvryheid	2.2.6 (2)

(9)

- 2.3 BB Aartappelplaas verskaf aartappels aan plaaslike groentewinkels sowel as aan Zimba Bpk. wat bros aartappelskyfies vervaardig en landwyd verskaf.
- 2.3.1 Verduidelik hoe BB Aartappelplaas vertikale integrasie kan toepas. Met verwysing na die scenario hierbo, watter soort vertikale integrasie kon hulle toegepas het? (4)
- 2.3.2 Beskryf hoe Zimba Bpk. vertikale integrasie kan toepas. Met verwysing na die scenario hierbo, watter soort vertikale integrasie kon hulle toegepas het? (4)
- 2.3.3 Onderskei tussen *horisontale integrasie* en *horisontale diversifikasie*. Gee 'n praktiese voorbeeld van elk met gebruik van die scenario hierbo. (6)
- 2.4 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) het ten doel om die werksomstandighede van werkers in Suid-Afrika te verbeter. Bespreek die volgende met betrekking tot hierdie Wet:
- 2.4.1 DRIE soorte verlof (9)
- 2.4.2 TWEE nadele van hierdie Wet vir ondernemings (6)
- 2.5 Analiseer die impak van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes ('COIDA'), 1997 (Wet 61 van 1997), soos gewysig, op beide werkgewers en werknemers. (12)  
**[60]**

**VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

3.1 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**HOE MTETO NYATI SE LEIERSKAP MICROSOFT SA  
IN 'N 'BESTE WERKGEWER' VERANDER HET**

Mteto Nyati lei nie net Microsoft SA om sy markaandeel in Afrika te vergroot nie, hy wen ook sake-toekenings.

Nyati glo dat die enigste manier om hoë vlakke van uitnemendheid te bereik, is deur hoë leierskapstandaarde te hê. Hy glo ook dat leiers duidelike riglyne moet hê en nie vir kritiek bang moet wees nie. Leiers moet eerlik wees en presies weet wat hulle wil bereik.

Nyati vergader elke maand met sy span met die doel om terugvoering en insette te kry oor waarheen die maatskappy op pad is. 'Ek vra twee dinge van elkeen: waarmee moet ons aanhou en wat moet ons verander om te verbeter. Almal moet idees bydra.' Lewensvatbare idees word dan geïmplementeer.

[Aangepas uit *Succeed Magazine*, Februarie 2013]

3.1.1 Identifiseer DRIE eienskappe van 'n suksesvolle leier uit die gevallestudie hierbo. (3)

3.1.2 Mteto Nyati is 'n demokratiese leier. Ondersteun hierdie stelling deur DRIE karaktereienskappe uit die gevallestudie aan te haal. (3)

3.1.3 Evalueer die demokratiese leierskapstyl. (8)

3.2 Koöperasies word deur 'n groep belanghebbendes gestig sodat daar aan hulle ekonomiese en maatskaplike behoeftes voldoen kan word deur 'n onderneming wat gesamentlik besit word.

3.2.1 Noem VIER soorte koöperasies. (4)

3.2.2 Verduidelik enige DRIE voordele van hierdie ondernemingsvorm. (9)

3.3 Onderskei tussen *enkelvoudige* en *saamgestelde* rente. (4)

3.4 Annette het drie jaar gelede R10 000 in 'n vaste deposito belê en het R11 800 ontvang toe dit verval het. Sy bedryf ook 'n kleinerige snoepwinkel by 'n plaaslike skool waarin sy aanvanklik R10 000 as aanvangskapitaal belê het. Die snoepwinkel het 'n wins van R3 600 in totaal oor die afgelope drie jaar gegenereer.

3.4.1 Bereken die opbrengskoers per jaar (%) wat Annette op die vaste deposito ontvang het. (5)

3.4.2 Bereken die opbrengskoers per jaar (%) op Annette se belegging in haar onderneming. (5)

3.4.3 Die vaste deposito het nou verval en sy het die opsie om dit in die bank te herbelê of om dit in haar onderneming vir uitbreiding te gebruik. Maak 'n aanbeveling en motiveer wat die beste beleggingsopsie vir Annette sal wees. (5)



- 3.5 Analiseer die volgende beleggingsvorme wat op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs Bpk. (die JSE) beskikbaar is:
- 3.5.1 Voorkeuraandele (8)
- 3.5.2 RSA-kleinhandeleffekte (6)
- [60]**

#### VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE

- 4.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

CC Kreatiewe Ontwerp is 'n suksesvolle grafiese ontwerponderneming wat spesialiseer in die ontwerp van kreatiewe sosialemedia-bemarking en reklameveldtogte. Sam Mamabulo, die eienaar, glo dat 'n werksomgewing wat voortdurend verander kreatiewe denke aanmoedig. Hy het onlangs al die vloerteëls in hul Kaapstadse kantore met nagmaakte gras vervang. Alle werknemers moet gedurende werkstyd kaalvoet loop. Kantoorure is buigbaar so personeel kan hul eie werksure kies solank hulle hul spertye nakom. Sam sê: 'Kreatiewe denke ondersoek idees en idees is geleenthede.'

- 4.1.1 Haal 'n strategie uit die scenario hierbo aan wat toon hoe Sam kreatiewe denke aanmoedig. (1)
- 4.1.2 Noem enige VIER struikelblokke wat kan voorkom dat Sam Mamabulo kreatief dink. (8)
- 4.2 Elke scenario hieronder toon onprofessionele sakepraktyke. Stel EEN metode voor waarop die onderneming elke scenario kan hanteer:
- 4.2.1 Middelvlakbestuurders bespreek werksverwante sake op sosiale media. (2)
- 4.2.2 Die sekretaresse van die HUB in 'n groot maatskappy is ongeskik wanneer sy die telefoon antwoord. (2)
- 4.2.3 Die HUB het 'n gewoonte om laat by raadsvergaderings op te daag en almal moet wag voordat dringende sake bespreek kan word. (2)
- 4.3 Beskryf wat met *etiese gedrag* bedoel word. (4)
- 4.4 Identifiseer VIER diversiteitskwessies in die werkplek wat uniek aan Suid-Afrikaanse besighede is. Stel EEN strategie voor om elke kwessie op te los. (12)
- 4.5 Beveel enige VIER stappe aan wat werkgewers en werknemers moet volg in die hantering van griewe in die werksplek. (8)
- 4.6 Bespreek DRIE beginsels van professionalisme. (9)
- 4.7 Ontleed VIER voordele van korporatiewe maatskaplike investerings (KMI)-projekte vir gemeenskappe. (12)
- [60]**

**VRAAG 5: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

5.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Jeff Bande (Edms.) Bpk. adverteer 'n pos vir 'n werkwinkelbestuurder in 'n nasionale koerant. Die advertensie het die posvereistes en -spesifikasies gespesifiseer en ook genoem dat alle kandidate op die kortlys aan siftingstoetse onderwerp sal word. Daar sal van suksesvolle kandidate verwag word om 'n indiensnemingskontrak te teken.

- 5.1.1 Maak 'n lys van DRIE items wat in 'n posspesifikasie vir 'n werkwinkelbestuurder ingesluit behoort te word. (3)
- 5.1.2 Noem DRIE besonderhede wat as inhoud in die indiensnemingskontrak ingesluit moet word. (3)
- 5.1.3 Beskryf die prosedure wat Jeff Bande (Edms.) Bpk. behoort te volg tydens die keuring van kandidate. (6)
- 5.2 Onderskei duidelik tussen *stukwerk-* en *tydstariefvergoeding*. (4)
- 5.3 Bespreek TWEE redes waarom 'n werker se dienskontrak beëindig kan word. (6)
- 5.4 Verduidelik die volgende elemente van totale gehaltebestuur (TGB/'TQM'):
- 5.4.1 Deurlopende vaardigheidsontwikkeling/Onderwys en opleiding (6)
- 5.4.2 Totale klante- /kliëntetevredenheid (6)
- 5.4.3 Deurlopende verbetering van stelsels en prosesse (6)
- 5.5 Beskryf hoe die gehalte van prestasie in die besigheidsfunksies hieronder die sleutel tot 'n suksesvolle onderneming kan wees:
- 5.5.1 Bemarking (6)
- 5.5.2 Aankope (6)
- 5.6 Analiseer die impak van totale gehaltebestuur (TGB/'TQM') op groot ondernemings. (8)

**[60]**

**VRAAG 6: DIVERSE/ALLERLEI ONDERWERPE**

6.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Die e-tolstelsel is onlangs op Gauteng-paaie ingestel. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap SBO Bpk. (SANRAL) ondervind groot probleme om die uitstaande tolgeld in te vorder. Motoriste wat weier om te betaal en vervalste voertuignommerplate is van hul grootste uitdagings. SANRAL moet besluit hoe hulle hierdie probleme gaan oplos en maatreëls aandui wat hulle moet implementeer om dit te voorkom.

- 6.1.1 Verwys na die scenario hierbo en identifiseer enige TWEE uitdagings wat die Suid-Afrikaanse Padagentskap ondervind. (2)
- 6.1.2 Noem die stappe wat SANRAL behoort te volg om die geïdentifiseerde probleme op te los. (10)
- 6.2 Geïmplementeerde strategieë moet voortdurend geëvalueer word. Maak 'n lys van die stappe wat in hierdie evalueringsproses gebruik word. (8)
- 6.3 Beskryf in breë trekke die voordele wat die implementering van 'n goeie gehaltebeheerstelsel vir 'n onderneming inhou. (10)
- 6.4 Beskryf die konsep *beskermdesaking* soos uiteengesit in die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 of 1995). (6)
- 6.5 Verduidelik die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs Bpk. (die JSE). (8)
- 6.6 Beveel VIER maniere aan waarop 'n onderneming die welstand van hul werkers kan bevorder. (8)
- 6.7 Evalueer PowerPoint as 'n aanbiedingsmetode. (8)

**[60]****TOTAAL AFDELING B: 180**

**AFDELING C**

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 7 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 8 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

**VRAAG 7: BESIGHEIDSOMGEWINGS**

Susan verkoop toebroodjies uit 'n klein winkeltjie in 'n besige kantoorblok. Haar toebroodjies is baie gewild want sy gebruik slegs hoë gehalte vars bestanddele wat daaglik afgelewer word. Sy wil na ander kantoorblokke in die omgewing uitbrei, wat verder weg van haar verskaffers en nader aan ander kitskosrestaurante is.

Analiseer Susan se idee om haar onderneming uit te brei deur Porter se Vyf Kragte-model te gebruik. Verduidelik hoe Susan die DRIE intensiewe strategieë kan aanwend om die uitdagings wat sy kan ondervind wanneer sy na ander gebiede uitbrei, te oorkom.

**[40]****VRAAG 8: BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

Ongelukke en rampe is deel van die lewe en as ondernemings nie verseker is nie, kan dit tot finansiële verliese ly.

Jy, as 'n versekeringsmakelaar, word uitgenooi om 'n groep sake-eienaars oor versekering te adviseer. Jy moet die volgende aspekte by jou aanbieding insluit:

- Die belangrikheid van versekering vir 'n onderneming
- Die onderskeid tussen *versekering* en *assuransie*
- Beskrywing van enige TWEE beginsels van versekering
- Verduideliking van die verskil tussen *versekerbare* en *nie-versekerbare risiko's*. Gee TWEE praktiese voorbeelde van elk.
- Analise van die voordele van die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) en die Padongelukkefonds (POF) vir ondernemings

**[40]**

**VRAAG 9: BESIGHEIDSROLLE**

Chicky Fried Chicken verkoop wegneemhoenderetes. Hulle grootste verskaffer van vars hoender het gesluit en 'n nuwe verskaffer moet dringend gevind word.

Zama, die eienaar, het besluit om die finansiële bestuurder, die bemarkingsbestuurder en die aankoopbestuurder te vra om as 'n span die probleem om 'n nuwe verskaffer te vind, saam op te los. Dit moet effektief en sonder konflik gedoen word.

Skryf 'n volledige verslag aan die bestuurders van Chicky Fried Chicken waarin jy die volgende aspekte insluit:

- 'n Verduideliking van die stadiums van spanontwikkeling
- 'n Bespreking van moontlike oorsake van konflik in 'n span
- 'n Voorstel rakende die prosedure wat toegepas kan word om konflik, wat spanne gewoonlik ondervind, te oorkom
- Aanbevelings oor die kriteria wat spanlede kan gebruik om hul span se sukses te meet

**[40]****VRAAG 10: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

Ben is die menslikehulpbron-bestuurder by Mangaliso Bpk. Hy is verantwoordelik vir die werwing van en onderhoudvoering met voornemende kandidate vir die pos van 'n boekhouer. Mangaliso Bpk. moet aanstellings maak binne die voorskrifte van die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998).

Ondersteun Ben met die werwingsprosedure waarna in die scenario hierbo verwys word.

Jy moet die volgende aspekte by jou aanbieding insluit:

- 'n Kritiese analise van die tipes werwing
- 'n Verduideliking van die doel van onderhoudvoering en sy rol as 'n onderhoudvoerder
- 'n Bespreking van die impak van die WGI op Mangaliso Bpk. wanneer hulle nuwe aanstellings maak

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**  
**GROOTTOTAAL: 300**